# Graad 5 Sosiale Wetenskappe

Liewe Ouers en Leerders

Ek hoop dit gaan baie goed met julle almal. Ek het opgemerk dat van die leerders se handboeke vir SW verskil. Die uitgawes verskil, dus verskil van die opdragte. Ek het dit goed gedink om hierdie week die nuutste uitgawe se aktiwiteite aan te heg, sodat almal dieselfde aktiwiteite kan doen.

Onthou om steeds julle beste te gee. Ek mis julle almal baie en kan nie wag om julle weer te sien nie.

Groete Meneer Abel

## Maandag - Woensdag (4 - 6 Mei 2020)

**Aardrykskunde**

**Merk asb. verlede week se aktiwiteit.**

MEMO:

Aktiwiteit 1.2 op bladsy 67 en 68

1. Klein-Karoo – C
   Groot-Karoo – E
   Laeveld – D
   Kalahari – B
   Namakwaland – F
   Die Hoëveld – A
2. 
   - 2.1. Noord-Kaap, Wes-Kaap, Oos-Kaap, Kwazulu-Natal
   - 2.2. Noord-Kaap, Vrystaat, Mpumalanga, Limpopo
   - 2.3. Noord-Kaap, Vrystaat,Noordwes, Gauteng, Limpopo, Klein stukkie van Mpumalanga
   - 2.4. Drakensberge
   - 2.5. Antwoorde sal verskil.

**<u>Nuwe werk vir die week:</u>**

Kyk na die natuurkundige kenmerke van ons land op bladsy 69.

**Wat is 'n Natuurkundige kenmerk?**

Kenmerke wat deur die natuur gevorm is.

Natuurlike kenmerke van ons land. Bv. Berge, valleie, riviere, watervalle, kuslyn, ens.

Ons land het baie mooi en spesiale natuurkundige kenmerke.

Gaan ondersoek die volgende:

1. Noem 3 bekende bergreekse/berge in Suid-Afrika.
2. Noem 3 riviere van Suid-Afrika.
3. Noem 3 bekende damme in Suid-Afrika.
4. Kies een natuurkundige kenmerk van ons land wat jy interessant vind. Doen navorsing oor die natuurkundige kenmerk en beantwoord die volgende vraag.
   *Hoekom hou jy van hierdie natuurkundige kenmerk?*
   Bv. Tafelberg- Geleë in Kaapstad. Belangrike toeriste aantreklikheid van ons land. Ek hou van die plat deel bo op die berg. Die berg is baie uniek en eie aan Suid-Afrika.

**Voltooi Aktiwiteit 2.1 bladsy 70**

**<u>Donderdag - Vrydag (7 - 8 Mei 2020)</u>**

**Geskiedenis**

Lees bl. 88-90 in jou handboek oor **Opstalle en dorpies (bl. 88-89** en **Landbou: gewasse en vee (bl. 89-90).**

**Aktiwiteit:**

**Skryf die nuwe woorde op bl. 88-89 neer. Maak seker jy weet wat hulle beteken.**

# Aardrykskunde Aktiwiteit 2.1. bl. 70

## Ligging van belangrikste natuurlike kenmerke in eie provinsie




## Aktiwiteit 2.1

Kyk goed na die kaart en beantwoord die vrae wat volg.

1. Identifiseer jou provinsie op die kaart en skryf dit in jou werkboek.
2. Is jou provinsie op die kusvlakte, platorand of plato?
3. Loop daar 'n rivier deur jou provinsie? Indien wel, wat is die rivier se naam?
4. Is daar 'n bergreeks in jou provinsie? Indien wel, wat is die bergreeks se naam?
5. Noem drie riviere wat die grens tussen Suid-Afrika en sy buurlande vorm.